

Diskoers as self-ondermyning: J. ~~Derrida~~/~~J. Miles~~

M.G. Scholtz

Opsomming

As teoretiese raamwerk vir die ondersoek van J. Miles se roman *Donderdag of Woensdag* word gebruik gemaak van die begrip 'dekonstruksie' soos veral verduidelik in J. Derrida se werk *Of Grammatology*. Daar word gepoog om aan te toon van watter nut hierdie leesstrategie kan wees vir 'n interpretasie van bogenoemde roman. *Donderdag of Woensdag* is gekies omdat daar, soos in *Of Grammatology*, die mens se betekenis- en waardesisteme onder die vergrootglas geplaas word deur 'n diskoers wat nie net hierdie sisteme nie, maar ook homself as onlosmaaklike en integrale deel daarvan noodwendig voortdurend moet ondermyn of dekonstrueer.

Summary

The concept of 'deconstruction' as expounded in J. Derrida's work *Of Grammatology* has been extensively used as the theoretical framework for the present study on J. Miles's novel *Donderdag of Woensdag*. An attempt has been made to indicate the usefulness of this reading strategy in the interpretation of the said novel. *Donderdag of Woensdag* has been selected because in it, as in the case of *Of Grammatology*, human meaning and value systems are scrutinized by means of a discourse that not only has to continually subvert and deconstruct these systems but also itself as an inseparable and integral part thereof.

Die begrip 'dekonstruksie' word hier geplaas binne 'n Derrideaanse raamwerk, veral soos dit uiteengesit is in sy werk *Of Grammatology* (1976). Daar sal probeer word om aan te toon van watter nut hierdie strategie kan wees vir 'n interpretasie van John Miles se roman *Donderdag of Woensdag* (1978). In hierdie roman word soos in *Of Grammatology* die mens se betekenis- en waardesisteme onder die vergrootglas geplaas deur 'n diskoers wat nie net hierdie sisteme nie, maar ook homself as onlosmaaklike en integrale deel daarvan noodwendig voortdurend moet ondermyn of dekonstrueer: as taalkonstruksie sit hierdie roman uiteindelik met dieselfde waarheids- en werklikheidsprobleem as die betekenis- en waardesisteme wat hy ondermyn:

Die onderdele kom in opstand teen die geheel, die hoofstukke teen die roman; dis bloot die spanning wat vir die eenheid sorg. (Miles, 1978: 78)

Die roman word as't ware die deel wat in opstand kom teen die geheel, d.w.s. die groter betekenis- en waardesisteme wat hom as taalkonstruksie moontlik maak. Derhalwe moet die ondermyning van hierdie betekenisisteme binne die sisteem plaasvind wat die roman self ook uiteindelik ondermyn omdat 'n ondermyning *buite* hierdie sisteme wat hom as taalkonstruksie moontlik maak, totale swye of stilte sou impliseer. Op hierdie wyse is die ondermyning van hierdie sisteme terselfdertyd 'n bevestiging daarvan, as't ware 'n ondermyning-in-bevestiging. Op dieselfde wyse is die roman 'n selfbevestiging-as-ondermyning, met ander woorde bevestiging en ontkenning is nie langer

opposisies nie, maar komplemente; daarom is die roman se eie waarheid 'n soort onwaarheid waarsonder die roman nie moontlik is nie, kom die hoofstukke (dele) in opstand teen die romangeheel:

Truth is a kind of error without which a certain species of living being could not live. (F. Nietzsche, soos aangehaal in Derrida, 1876: xxviii)

Bekendheid met *Of Grammatology* en *Donderdag of Woensdag* word veronderstel aangesien dit binne die bestek van die toegelate tyd slegs moontlik is om wat in hierdie tekste gesê word interpretatief te gebruik vir die doeleindes van my betoog sonder om breedvoerig te probeer verduidelik of te motiveer.

Derrida asook Miles se hoofoffensief is gerig teen wat Derrida 'n metafisika van teenwoordigheid ('Metaphysics of Presence') noem. Hierop is volgens Derrida die Westerse denksisteem gebaseer, 'n sisteem van binêre opposisies in terme waarvan die Westering – hierna kortweg die mens genoem – dink en handel. Hierdie sisteem berus op die siening dat taal 'n deursigtige venster is wat die mens direkte toegang tot die werklikheid en die waarheid gee. Tussen die logos (woord) en objekte of idees is daar 'n 'natuurlike' relasie sodat die logos objekte en idees direk, d.w.s. as teenwoordig ('present') kan besweer. Hierdie logosentrisme is terselfdertyd ook 'n fonosentrisme, m.a.w. die stem of gesproke taal is fundamenteel omdat dit die direkte teenwoordigheid van spreker of subjek en objek in 'n spesifieke tyd-ruimtelike situasie beteken:

Within this logos, the original and essential link to the *phonè* has never been broken . . . As has been more or less implicitly determined, the essence of the *phonè* would be immediately proximate to that which within 'thought' as logos relates to 'meaning', produces it, receives it, speaks it, 'composes' it. . . the voice, producer of *the first symbols*, has a relationship of essential and immediate proximity with the mind. Producer of the first signifier, it is not just a simpler signifier among others. It signifies 'mental experiences' which themselves reflect or mirror things by natural resemblance. Between being and mind, things and feelings, there would be a relationship of translation or natural signification . . . (1976: 11)

Volgens hierdie siening, wat Derrida kritiseer, val taal (logos) en werklikheid saam, is die een die ander. Binne hierdie fonosentrisme en logosentrisme word daar egter 'n onderskeid gemaak tussen die logos of fundamentele begrippe en sekondêre of afgeleide woorde. Eersgenoemdes is fundamenteel omdat hulle die werklikheid/waarheid, die logos is. Laasgenoemdes is afgelei van of addisies tot die logos, is dus 'n verwydering, 'n vervalsing, 'n verdraaiing van die oorsprong, van die werklikheid in sy volle teenwoordigheid. Op hierdie wyse ontstaan 'n hiërargie van opposisies soos teenwoordig/afwesig, werklikheid/afbeelding, waar/onwaar, goed/kwaad en so meer. Gayatri Spivak stel dit as volg in die voorwoord tot *Of Grammatology*:

It is this longing for a center, an authorizing pressure, that spawns hierarchized oppositions. The superior term belongs to presence and the logos; the inferior serves to define its status and mark a fall. The oppositions between intelligible

and sensible, soul and body seem to have lasted out 'the history of Western philosophy' bequeathing their burden to modern 'linguistics' opposition between meaning and word. (1976: lxix)

Die logos, die sentrum, word die wet of outoriteit as absolute werklikheid en 'n wegbreek daarvan is, soos Miles dit stel 'sonde-teen-god-mens nommer een':

Dit wys net weer, niks is so erg in die oë van dié mense as hy wat 'n klassifiseerbaar onpatriotiese daad gepleeg het nie. Wat het hy . . . wat het hulle gedoen teen die MENS? Dit is nie belangrik nie, maar wat jy doen teen die lokale fokken volk, waarvan die bloudruk iewers in die twaalfde verdieping van 'n Broederbondkantoor lê . . . Die grootste woede ontketen jy as jy "jou" mense se taboe-reëls oortree; dis sonde-teen-god-en-mens nommer een . . . (Hy sukkel met sy woorde.) (Miles, 1978: 137-138)

Alle begrippe wat dus nie tot die logos behoort nie, is verteenwoordigend van 'n soort sondeval, is dwaalweë wat bewandel word in 'n soeke na die oorspronklike logos, die paradysbestaan voor die sondeval. Hulle is dus onwerklike, valse of minderwaardige supplemente van die logos, van die oorspronklike en volle teenwoordigheid van die werklikheid en waarheid:

The history of metaphysics, like the history of the West, is the history of these metaphors and metonymies. Its matrix . . . is the determination of being as *presence* in all the senses of this word. It would be possible to show that all names related to fundamentals, to principles, or to the center have always designated the constant of a presence . . . (Derrida in Macksey & Donato, 1972: 294)

F. de Saussure het reeds gewys op die arbitrêre verhouding tussen taal en werklikheid. Die implikasie hiervan is dat dit wat ons werklikheid/waarheid noem, eintlik slegs taalkonstruksies of tekensisteme is, d.w.s. projeksies van onself. Die tekens verloor dus die deursigtigheid wat hulle binne die logosentrisme gekenmerk het, hulle is nie langer 'n direkte toeganspoort tot die werklikheid nie, maar slegs metafore, wat die boustene is vir dit wat ons werklikheid/waarheid, goed/sleg e.s.m. noem. In terme van hierdie tekensisteme is begrippe soos waar en werklik dus slegs waar en werklik in terme van hierdie sisteme, maar gemeet aan die werklikheid *buite* hierdie sisteme is hulle metafore en dus verdraaiings of vervalsings:

alle gebeurtenisse is waar; ook 'n koekblik met kiekies is waar, maar nog is dit nie die werklikheid nie. (Miles, 1978: Motto)

Woorde wat dus pretendeer om logos te wees, dit wil sê kennis, waarheid of werklikheid in 'n essensiële of absolute sin, is dus alreeds as metafore of supplemente 'n vervalsing of 'n verdraaiing van die werklikheid buite tekens, is geen fundamentele begrippe nie, maar reeds begrippe wat van ander afgeleide begrippe afgelei is:

From the moment that there is meaning there are nothing but signs. We think only in signs. (Derrida, 1976: 50)

Hierdie begrippe wat dus binne die metafisika van teenwoordigheid werklikheid, kennis, wet en mag beteken, is as grondslae, as leiding reeds 'n afgeleide, 'n misleiding omdat hulle pretendeer om iets te wees wat hulle nooit as tekens kan wees nie, nl. die dinge of objekte, die werklikheid self. As metafore sal daar altyd hierdie verskil tussen tekens en werklikheid wees, maar die probleme is dat diegene wat dit weet, dit vergeet, en diegene (die massa) wat dit nie weet nie, deur die teken, opgevat as die werklikheid self, verlei en daarom mislei word. So word die mens òf die slaaf van ander se woordspeletjies òf, as hy van beter weet, lei hy deur misleiding ten einde 'n mandaat te verkry vir absolute mag, 'n mag wat altyd weer deur 'n beter woordspeletjie moet plek maak vir 'n nuwe of ander volmag. So word die ou régime in Miles se *Donderdag of Woensdag* deur die 'nuwe' regime vervang of dit nou in S.A. of Spanje of wáár ookal gebeur, dit is wesenlik orals dieselfde ou storie. So klink brigadier Stofberg, 'Nuwe Volmag', se boodskap aan sy volk nadat hy die bewind van 'Ou Volmag' oorgeneem het:

Stofberg se boodskap aan sy volk was die ou bekende klanke. Stofberg het volmaak ingeskakel op sy nuwe gollengte. Die nuuswaardigste feit was dat die wetgewende en ander politieke en administratiewe liggame bly soos voor die 'oorname', maar ondergeskik aan 'n militêre raad onder aanvoering van Stofberg. Met ander woorde, die president is slegs vervang en die grondwet bly eintlik verder 'onaangeraak'. Ou Mandaat het plek gemaak vir Nuwe Volmag. (1978:137)

So bly alles eintlik presies dieselfde en dit is simptome van *homo significans* want 'alles verander en niks gaan dood nie' (1978: 4). So laat die sogenaamde abstrakte outeur, J. Miles, die sogenaamde redakteur van *Donderdag of Woensdag* toe om die leser te mislei wat 'aan die genade van die woorde, van veral Eksteen' (1978: 4) uitgelewer is deur te sê:

Ja, geagte leser, Eksteen het vir julle *gelieg*. Dis Afrika hierdie. (En nie soos aanvanklik gesê, Spanje nie. – M.G.S.) Eksteen het *gelieg* en ek het julle laat *mislei*. Daardie gebombardeerde kerkie waarvan Eksteen in hoofstuk twee te vertele gehad het, kan net so wel van Rustenburg se N.N.G.-gemeente wees. En die hoertjie, vir al wat ons weet, een of ander burgemeester se niggie . . . Moenie terugblaaï nie, moenie weer lees nie . . . Diegene wat fout wil vind met die uur van die T.V.-sokkeruitsending, ag, *die storie bly wesenlik dieselfde*. (1978: 71; my kursivering)

Hoe is hierdie toestand te beredder? Gayatri Spivak vat Derrida se antwoord hierop as volg saam:

Simply to recognize that one is shaped by difference, to recognize that the 'self' is constituted by its never-fully-to-be-recognized-ness, is enough. We do not have to cultivate forgetfulness or the love of chance; we *are* the play of chance of necessity. There is no harm in the will to knowledge; for the will to ignorance plays with it to constitute it – if we long to know we obviously long also to be duped, since knowledge is duping. (1976: xiv)

In hierdie lig moet dan ook die talle verwysings in *Donderdag of Woensdag* na 'leiding', 'lieg', 'mislei', 'verlei', 'inlei' e.s.m. verstaan word, want:

'Toe ek kyk, sien ek die hartlik vir mekaar laggende mense met midde-in die verskrikte baba op die vrou se skoot, 'n kind wat vreesbevange en verward wonder is-dit-lag/is-dit-huil? Die mensproses: dít is lag, dít huil, plesier, pyn en die groot stryd om behoue te bly en alles weer oorboord te kan gooi as slegs benaderings, woorde, konsepte, leidrade. Leiding is steeds deel van misleiding, sou Wuras sê, kyk maar self.' (1978: 63–64)

"Ek dink hoe donkerder die bril is wat jy op het, hoe makliker onderskei jy dinge wat seëvierend oorwin kan word . . . soms dink ek die soort stryd wat seëvierend eindig so niksseggend is dat dit nie die moeite werd is om opgeteken te word nie. Want dit sou geen intelligente mens ooit tot lering kon strek nie, net die *massa* sou verder *verlei* word. Dalk sal ook Wuras jou kan sê dat alles, alles, selfs die grootste *vreugde*, hand om die lyf staan met *frustrasie*." Of hoe het die Boeddha nou weer *gesê*?' (1978: 59–60; my kursivering)

"Kom ons gaan drink iets, het jy al geëet?", nooi ek haar en gee die dagboek terug en ek dink god-weet *wat het woorde te doen met dit wat ek en jy beleef?*' (1978: 65; my kursivering)

Soos uit bogenoemde blyk, is kennis/onkunde, leiding/misleiding, vreugde/frustrasie binne 'n Derridiaanse raamwerk asook in Miles se roman nie langer soos in die geval van 'n metafisika van teenwoordigheid opposisies nie, maar komplemente, is die een teken van die ander en word teenwoordigheid as die teenwoordigheid van 'n afwesigheid gedekonstrueer. Hieroor egter later iets meer.

Die arbitrêre aard van alle tekens is dus die dinamiet wat Derrida en Miles gebruik ten einde die fundamente van 'n metafisika van teenwoordigheid en die daarmee gepaardgaande hiërargie van opposisies in die lug te blaas of te dekonstrueer:

Now from the moment that one considers the totality of determined signs, spoken and a fortiori written, as *unmotivated institutions*, one must exclude any relationship of natural subordination, any natural hierarchy among signifiers or order of signifiers. (1976: 44; my kursivering)

Die tekens in hulle totaliteit, d.w.s. ook die sg. logos, kan dus nooit die werklikheid self wees nie, het en sal altyd daarvan verskil as

... 'the completely other'. Such is the strange 'being' of the sign: half of it always 'not there' and the other half always 'not that'. The structure of the sign is determined by the *trace or track of that other which is forever absent*. The other is of course never to be found in its full being. As even such empirical events as answering a child's question or consulting the dictionary proclaim, one sign leads to another and so on indefinitely. (1976: xvii; my kursivering)

... soos Eksteen dit op 'n keer gestel het – vra, en aan jôu sal gevra word. (1978: 3)

'Vryheid? Vryheid om wát mee te maak? Watse vryheid?' En dus 'n vraag as antwoord gekry het, Jesus! (1978: 36)

Alle antwoorde is dus as tekens verdere vrae en alle vrae antwoorde:

Dit wat hier is, is nie waar nie, die diep put is waar/daar. Waar? Daar. Wys 'n man wat wys. (1978: 46)

Waarheid/leiding/antwoord is dus by implikasie 'n onwaarheid/misleiding/vraag omdat die waarheid/antwoord as taal altyd reeds die teenwoordigheid van 'n afwesigheid is en derhalwe 'n onwaarheid/vraag impliseer:

Selfs hierdie taal word vir my vreemd, hierdie manier van mond- en tongbewegings. Ek wantrou dit, dit raak dan net aan die grense van besef. Taal wat nie opgewasse is vir die besef van die nag nie. (1978: 46)

Objekte en idees is dus altyd reeds tekens wat afgelei is van vorige tekens en weer lei tot ander tekens; alles is dus eintlik niks meer en niks minder as 'n oneindige aaneenskakeling of ketting van tekens wat nooit kan 'verdwyn' of só gereduseer kan word dat die objekte waarvan dit tekens is in hulle ware of volle teenwoordigheid aanwesig kan wees nie. Betekenistoekenning is en was daarom nog altyd niks meer of anders as 'n spel met tekens nie, 'n spel met 'n 'verlore' oorsprong, met afwesigheid ('absence'):

Sign will always lead to sign, one substituting the other (playfully, since 'sign' is 'under erasure') as signifier and signified in turn. Indeed the notion of play is important here. Knowledge is not a systematic tracking down of truth that is hidden but may be found. It is rather the field 'of freeplay', that is to say a field of infinite substitutions in the closure of a finite ensemble. (1976: xix)

Hierdie oneindige substitusies, gaan Derrida voort, is moontlik omdat daar binne hierdie raamwerk, binne die metafisika van teenwoordigheid, iets ontbreek, naamlik:

a center which arrests and founds the freeplay of substitutions. One could say ... that this movement of the freeplay, permitted by the lack, the absence of a center or origin is the movement of *supplementarity*. One cannot determine the center, the sign which *supplements* it, which takes its place in its absence – because this sign adds itself, occurs in addition, over and above, comes as a supplement. (Derrida in Macksey & Donaton 1972: 260)

Taal as spel sou mens kon sê, is die resultaat of gevolg van die teenwoordigheid van 'n afwesigheid, dit wil sê betekenis is, omdat die teken altyd anders is of verskil van dit waarna dit as teken verwys, terselfdertyd 'n voortdurende uitstel van betekenis, 'n oneindige dinamiese spel waarin betekenis altyd in wording ('Becoming') is: 'One could say ... that this movement of the freeplay, permitted by the lack, the absence of a center or origin is the movement of *supplementarity*.' Hiervolgens is daar geen finale betekenis of logos ('Being') omdat ook die logos reeds 'n supplement is, as teenwoordigheid ('Presence') dus skyn is. Hierdie besef beteken dus die opheffing van 'n metafisika van teenwoordigheid, van 'Being', wat altyd reeds 'n proses of wording, d.w.s. 'n 'Becoming' is, 'n oneindige beweging of proses van teken tot teken, van supplement tot supplement en nooit die dinge self nie.

The sign, the image, the representation, which come to supplement the absent presence are the illusions that sidetrack us.

The enjoyment of *the thing itself* is thus undetermined, in its act, in its essence, by frustration. One cannot therefore say that it has an essence or an act . . . Something promises itself as it escapes, gives itself as it moves away, and strictly speaking it cannot even be called presence. Such is the constraint of the supplement, such, exceeding all the language of metaphysics, is this structure 'almost inconceivable to reason' . . . The supplement is maddening because it is neither presence nor absence and because it consequently breaks both our pleasure and our virginity. (1976: 154)

Hierdie dinamiese proses van wording, van die voortdurende uitstel van betekenis deur die beweging van die supplement wat terselfdertyd 'n begin/einde, 'n bo en onder, 'n proses van opbou en afbreek is in 'n ewige spel van komplementariteit, verwoord J. Miles as volg:

Woorde sterf terwyl hulle kommunikasie skep, die bewegings van die danser kan nie ophou met wegraak nie. Die sin van alles is die stroom. (1978: 121)

En tog, wat hier is, is oral en wat nie hier is nie, is nêrens. En hoe lank gelede is dit nie al gesê nie. (1978: 123)

Wanneer het ons ophou met bou en wanneer presies het die aftakeling begin? Wanneer skiet ons finaal uiteen? Waar lê die draai? Nee daardie omkeer sal jy nie kan vaspen nie: opbou en afbreek was van die begin aanwesig, die probleem is: waar is die begin? Nee daar kan ook geen begin wees nie: lewe en dood is. lewe beteken om vitaal te gronde te gaan. En dit sal geen vernietiging wees nie. En ook nie 'n voortbestaan nie, voortbestaan is 'n woord, 'n woord wat imperialistiese neigings verraai. (1978: 152)

Hoe lank is Spanje nie al 'n *verdeelde huis* nie! Aksente en giere kom en gaan, maar wesenlik is dit die een politieke wiel wat draai: *wat nou onder is, wil bó kom en as bo Bó is, dan wil hy nie meer onder toe nie al sê Onder hý was dan bo, of so iets.*

Daar gebeur iets as jy bo kom. Dalk is dit vrees vir swaartekrag: dis die waarheid in die grond wat trek en saam met die tyd praat.

En daardie praat is reguit praat. Die politieke wiel se speke ken sy drieletteras: MAG. En alle mag is kanker: om wyd en ver te wil heers, om vir ander te wil sê, voorsê, maak nie saak hoe nie, soms al is dit ook: kies my. Want Kies-my besluit vir jou en ek is tog beter as jy: jy moet tog nie dit lees nie . . . maar toe maar, bedaar julle tierende onbeheerbare, ek gee julle af en toe 'n *oorloggie* om lekker en alles rond te fok. So trek ek julle saam vorentoe, *kyk my bouwerk.*

Mag. Met mag mag ék en julle ander donners mag nie. En ons meet vooruitgang in dié mate wat hierdie prinsipe versluit is in die gemeenskap se konvensies. (Slyp aan mag en verfyn so jou beskawing!) Konvensies word verfyn, dis vooruitgang, dis die strewe, dis hoe jy 'n beter wêreld skep. *Konvensie-maak is soos om woorde te maak: jy speel.* Mag sê: geweld is lelik, barbaars; dis iets uit die ou toentertydse verderflik dierlike o, so sondige natuur voor daar vooruitgang was jy wil en kan tog nie geweld goedpraat nie, huh? Bid wie aan! *Het mag nie in sy*

kern met geweldadigheid te doen nie? Nie? Kom ons speel en maak nog 'n woord. (1978: 25)

Soos uit voorgaande blyk, is die mens met sy woordspeletjies voortdurend besig met die skep van 'nuwe' sisteme/konvensies waarvan elk 'n eie absolute stel reëls en hiërargie van opposisies bevat waarby almal as 'waarheid' of 'werklikheid', d.w.s. as logos, moet hou. Hierdie verabsoluttering van die eie bring geweld mee, omdat elke orde of woordspeletjie telkens weer ondermyn word deur 'n 'volgende' stel reëls of woordspeletjie. Vandaar die sinspeling in die titel van die roman op Wodan en Thor, die ou Germaanse gode van oorlog en donder, na wie die betrokke dae vernoem is. Die mens glo dat hierdie patrone, woordvorme, werklikhede is in plaas daarvan om te besef dat dit slegs projeksies van homself is, die monsters of skepsels van sy eie verbeelding. Soos die skrywer van die roman *Die spieël breek* (!) – wat Eksteen tydens 'n treinrit lees – gebruik maak van 'die baie ou verhaal van die jong jagter Aktaioon en die kuise Artemis' ten einde deur te dring tot die 'mite van ons tegnokratiese bestaan ...', só gebruik Miles in *Donderdag of Woensdag* hierdie verhaal van Aktaioon wat terselfdertyd jagter/prooi is asook ander 'ou verhale' soos byvoorbeeld dié van Sisyphus met sy klip/woord/masjien/sisteem om op 'verbluffende wyse' tot die mite van die Westerse bestaan as die metafisika van teenwoordigheid deur te dring. So speel hy in *Donderdag of Woensdag* sy woordspeletjie en 'breek die spieël' van wat ons werklikheid of waarheid noem deurdat die hiërargie van opposisies waarop ons waardesisteem berus omgekeer word om sodoende hulle komplementariteit vry te stel. Op die wyse toon hy aan dat die mens steeds die slagoffer/slaaf/maker van sy eie illusies of verbeelding is en dat hy daarom self die oordeel oor hom uitspreek omdat hy sy verbeelding/sy woorde nie kan hanteer nie deur dit as werklikheid of waarheid te verabsoluteer:

Is die oordeel nie geleë in die water wat vir Aktaioon 'n spieël word nie. Is dit nie 'n verbeelde straf en 'n verbeelde oordeel nie? 'n Straf van die verbeelding? Artemis skenk Aktaioon die verbeelding, 'n vermoë wat hy nie kan hanteer nie en dit lei tot sy eie ondergang ... (1978: 41)

Die mens in sy soeke na vastigheid, na permanensie, glo telkens weer dat sy 'disseksie' hierdie stroom, hierdie ewige wordingsproses ('Becoming'), kan stuit, dat sy sisteem, sy bouwerk, ewigheidswaarde ('Being') het. Elke woordspeletjie bevat egter as leiding/misleiding reeds sy eie ondermyning en ondergang deur 'n volgende spel van leiding/misleiding, so is bo/onder en begin/einde, is daar 'nie 'n begin nie, en geen einde' (1978: 166). Die mens is dus as woordspeler *par excellence* voortdurend aan homself uitgelewer, aan sy eie speletjies; Ou Volmag – die een sisteem – word voortdurend vervang deur Nuwe Volmag, die een woordbousel word afgebreek en vervang deur 'n volgende.

Die 'klassifiseerbaar onpatriotiese daad' (vgl. die aanhaling uit 1978: 48 hierbo) – die individu, revolusionêr, anargis, terroris – is dikwels die einde van die een sisteem en die begin van 'n volgende in 'n ewige sikliese proses.

So 'stroom' die een *ad infinitum* deur in die ander. Dit is die permanente toestand/proses van menswees:

Plakkers ons staan op die vooraand van 'n nuwe lewe, van 'n nuwe samelewing – verskoon die woord – nie 'n beter een nie, maar een wat weer op die wolkies van ander drome (woorde – M.G.S.) dryf, 'n samelewing – onvermydelik – wat *aanvanklik meer privaat, persoonlik, meer aards sal wees, tot die heilige Dogma waardeur dit nou reeds beheer word ook hierdie nuwe tente begin bolmaak*. Plakkers . . . die groot doel sal wees nie om die staat te vervang nie, maar om dit te elimineer. Ek jaag geen utopie na nie, ek glo gewoon dat die korrekatief op die eentonige ooprol van die geskiedenis by die Individu gelê het, daardie enkeling wie se drome *afbreek, die enkeling wie se lyf anargis is om die steierende wêreld te stoot en dit weer in 'n baan op nuwe laers te laat stilweg-loop, 'n tydlank*. (Sisyphus – M.G.S.) Want die mens kan nie verbeter nie, maar danksy die anargis kan hy en sy uitlopers tydelik herstel as hy skokkend in die Wonder sy ankers vind. Die wêreld word in stand gehou deur die anargis se droom. (1978: 77; my kursivering)

Die anargisme waaraan ek glo, is moeilik te rym met ons ervaring van tyd; die anargie is 'n toestand (sonder heerser), 'n houding wat individue oor die grense tussen vanmelewe, vanmôre en môre aan mekaar bind. Die ware anargiste is die tentpenne – geen hoekstene nie, ons het nog nooit in iets anders as tente gebly nie – die tentpenne van die menslike lewe, die groot korrekatief op sy ewige teenpool: die Dogma, die Sisteem, Outoriteit, Grondwet, Reëls en Regulasies, Ordonnansies, bywette en dergelike Tronke: na-apers in die strengste sin van die woord – die aap word dan nageaap.

Maar die een het die ander nodig: die individu gee net die uitloop, lei die weg uit stagnasie. Die stille administrateur, mnr. A. Sooibrand, die wyse onderhandelaar, dr. K. en die maar altyd pratende politikus. Ho, het juis hulle missie en geluk te danke aan die vernietigende stimulus wat hulle hul leefruimte gee. Die professor in die dogmatiek dank sy haarklowery aan die anargis genaamd seun van God Christus . . . (1978: 77–78)

As die 'geskiedenis' van Eksteen en sy vriende in gedagte gehou word, is dit duidelik dat hierdie 'n belangrike passasie is vir 'n moontlike beter begrip van die roman. Hierdie sikliese aard vorm nie net die tematiese kern van *Donderdag of Woensdag* nie, maar word ook deur die struktuur van die roman bevestig as 'n ewige proses van wording ('Becoming') deurdat dit aan die einde (166) letterlik voor (5) begin en die 'lot' van die roman dus 'n parallel word van dié van die mens omdat die begin die einde en die einde weer die begin is.

Soos die naam reeds aandui, is Eksteen, die hoofkarakter, die eweknie van die mitologiese Sisyphus wat daartoe verdoem is om ewig sy 'steen' teen 'n berg op te rol, want sodra dit bo is, rol dit weer na onder en moet hy van voor af begin. So is die einde op paradoksale wyse die begin:

Ek het hom begryp, vreemd genoeg: *die sirkel was voltooi*. Ek is Sisyphus en sy klip tesame. Ek dra my steen altyd saam, bos in, bos uit. Soms met die omdraai – daardie helder oomblik – onthou ek die pad tot hier en sien ook die pad vooruit: *in wese dieselfde*. *Ek loop na die volgende klip, my god, dis dan dieselfde*. (1978: 160; my kursivering)

Sisyphus en sy klip word simbolies van die mens en sy tekenspeletjies, want soos die klip nou bo en dan weer onder is, so kom en gaan die mens se sisteme, sonder dat daar werklik vooruitgang is:

Eksteen staan daar sy woorde heeltemal alleen, ja soos Sisyphus 'n oomblik en rus voordat hy weer sy klip en sy woorde optel en verder dra. Sy woorde is sy rots en sy grond, hy sê: '*As jy my sien is dit hoe ek netnou was*'. (1978: 76)

Alles verander en niks gaan dood nie. En daar is geen vooruitgang nie. (1978: 4)

Omdat taal as teken nooit 'n 'presence' ('Being') of werklikheid kan wees nie, is die proses van betekenistoekenning 'n oneindige proses van supplementering, met ander woorde in die teken word dit aangekondig wat anders is as dit waarna die teken verwys, naamlik die teenwoordigheid van 'n afwesigheid. Vir hierdie afwesige teenwoordigheid, met ander woorde vir dit wat nooit deur die teken agterhaal kan word nie, gee Derrida die naam 'trace' of spoor. Dit is die voorwaarde vir denke en wat ons betekenis noem:

The trace is in fact the absolute origin of sense in general. Which amounts to saying once again that there is no absolute origin of sense in general. The trace is the difference which opens appearance and signification . . . the trace is not more ideal than real, not more intelligible than sensible, not more a transparent signification than an opaque energy and no concept of metaphysics can describe it. (1976: 65)

Die teken is as struktuur dus 'n veld waar dinge wat van mekaar verskil saamkom omdat die twee komponente daarvan, naamlik die vorm ('signifiant') en di inhoud ('signifié') nooit dieselfde kan wees nie. Daarom kan daar ook nooit 'n teenwoordigheid ('presence') wees nie, maar slegs spore ('traces') daarvan. Die teken is 'n soort skarnier, 'n 'hinge' ('la brisure') wat terselfdertyd 'n verbinding ('presence') en breuk ('absence') is, 'n teenwoordigheid van iets wat nog altyd afwesig was. Tekens kan dus alleen begryp word in terme van ander tekens, is dus 'n voortdurende supplementering van mekaar in die soeke na betekenis, 'n 'presence' wat altyd uitgestel word as 'n teenwoordigheid van 'n afwesigheid omdat daar nooit 'n identiteit kan wees tussen 'signifiant' en 'signifié' nie omdat laasgenoemde alreeds 'n 'signifiant' is. Vir hierdie identiteitskrisis en die voortdurende uitstel van betekenis/teenwoordigheid, gebruik Derrida die term 'différance' wat met 'n 'a' gespel word om sodoende beide die verskil ('differing') en die uitstel ('deferring') te ondervang. Die struktuur van wat ons teenwoordigheid/'presence' noem, is die resultaat van verskil ('différance') en uitstel ('deferring') en so produseer 'différance' die differensiële struktuur van ons greep op 'teenwoordigheid' wat nooit teenwoordigheid as sodanig is nie.

Soos in die geval van die spoor ('trace') is daar volgens Derrida ook geen metafisiese begrip wat 'différance' werklik kan beskryf nie:

First consequence: *différance* is not. It is not a present being, however excellent, unique, principal, or transcendent. It governs nothing, reigns over nothing, and nowhere exercises any authority. It is not announced by any capital letter. Not only is there no kingdom of *différance*, but *différance* instigates the subversion of

every kingdom. Which makes it obviously threatening and infallibly dreaded by everything within us that desires a kingdom, the past or future presence of a kingdom. And it is always in the name of a kingdom that one may approach *différance* with wishing to reign, believing that one sees it aggrandize itself with a capital letter. (J. Derrida, 1982: 21–22)

Ek hoop die uittreksels uit *Donderdag of Woensdag* en my interpretasie daarvan as 'n voorbeeld van 'différance' in terme van wat Derrida hierbo sê, is duidelik. So nie moet u maar dink aan die verbod wat in Suid-Afrika op hierdie teks geplaas is en dit oorweeg in die lig van bogenoemde aanhaling nadat u miskien weer 'n keer die teks gelees het (vgl. Scholtz (1984); Malan en Bosman (1984)).

Die siening dat taal slegs 'n spoor/'trace' is wat 'n teenwoordigheid van 'n afwesigheid aandui en nooit 'n teenwoordigheid in die sin van werklikheid/essensie nie, noodsaak 'n ander relasie tot die essensie van taal.

Omdat taal nie kan sê wat werklik is nie deurdat die een teken na 'n ander verwys, moet alle woorde deurgehaal, uitgegee word, maar dan op so 'n wyse dat dit leesbaar bly. Dit is noodsaaklik dat dit leesbaar bly omdat slegs 'n teken ander tekens, dit wil sê denke en betekenis moontlik maak. 'n Totale uitwissing van die teken sou die uitwissing van betekenis en dus stilte impliseer. Die deurhaal van die teken met behoud van die leesbaarheid daarvan noem Derrida 'sous rature'. Deur die 'sous rature' van die terme wat deel vorm van 'n metafisika van teenwoordigheid word hierdie terme vry gemaak van teenwoordigheid/'presence' en word die ware aard van taal en denke aan die kaak gestel, naamlik dat dit as verwysing van teken na teken nooit probleme werklik kan oplos nie en so saligheid, werklike teenwoordigheid kan bring nie. So is wat ons werklikheid noem eintlik niks anders as 'n selfgefrabriseerde taalwerklikheid nie, of soos Derrida dit noem 'arche-writ-ing'. Dit is 'n meer omvattende begrip as die tradisionele gesproke en geskrewe taal. Dit is 'n studie van die teken 'sous rature' omdat dit altyd reeds die spore van 'n ander teken of soort referent bevat wat nooit as sodanig nie, maar slegs as teken van 'n vorige teken van 'n teenwoordigheid van afwesigheid kan verskyn. Op die wyse is ons siening van wat werklikheid is niks meer of minder as 'n oneindige reeks tekens nie.

Hiervan is reeds die omslagontwerp van *Donderdag of Woensdag* 'n simbool, dit is 'n soort palimpsey waarvan die figure of 'karakters' wat afgekrap is, bly deurskyn. Op hierdie wyse sê die roman reeds dat daar nie na 'n werklikheid buite die teks as teken verwys word nie, maar na die 'werklikheid' van ander tekste as tekens. In die roman word daarom 'n verskeidenheid tekste/mites/ 'ou verhale' 'aangehaal', wat as onder andere behorende tot 'n metafisika van teenwoordigheid gedekonstrueer of ondermyn word omdat wat daarin as opposisies verskyn eintlik as taal, komplemente van mekaar is. As spore van ander tekens/tekste kan die begin/einde daarvan nooit as werklikheid buite tekens vasgepen word nie, want daar is slegs teks- of tekenwerklikhede. Van hierdie ewige proses van opbou/afbreek en begin/einde waarvan die een die ander is, is die roman self 'n voorbeeld as hy eindig soos hy begin het. In hierdie sin moet Derrida se woorde 'There is nothing

outside of the text' (1976: 158) verstaan word, met ander woorde alles is alreeds teks- of tekenwerklikheid.

Om aan hierdie omslagontwerp en by implikasie aan hierdie teks 'n finale betekenis te wil toeken, of dit nou van mitologiese of watter aard ookal is, sou 'n ongelukkige reduksie wees van die dinamiese prosesagtige aard van hierdie teks waarin betekenis gedurig in wording is ('Becoming') – die begin is die einde – deur die voortdurende uitstel van 'n finale betekenis. So 'n reduksie sal die dinamiese wordingsproses van hierdie teks dus herlei tot iets staties ('Being'/'presence'), reduseer tot 'n bepaalde oorspang/begin en 'n bepaalde einde/finaliteit:

There are thus two interpretations of interpretation, of structure, of sign, of play. The one seeks to decipher, dreams of deciphering a truth or an origin which escapes play and the order of the sign and which lives the necessity of interpretation as an exile. The other, which is no longer turned toward the origin, affirms play and tries to pass beyond man and humanism, the name of man being the name of that being who, throughout the history of metaphysics or of ontotheology – in the other words, throughout his entire history – has dreamed of full presence, the reassuring foundation, the origin and the end of play. (Derrida, 1978: 292)

Verwysings

- Derrida, J. 1976. *Of grammatology*. Vertaal deur G. Spivak. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Derrida, J. 1982. *Margins of philosophy*. Sussex: Harvester Press.
- Derrida, J. 1978. *Writing and difference*. Vertaal deur A. Bass. London: Routledge & Kegan Paul.
- Macksey, R; Donato, E. (ed.). 1972. *The structuralist controversy. The languages of criticism and the sciences of man*. John Hopkins Press.
- Malan, Charles; Bosman, Martjie. 1984. *Sensuur, literatuur en die leser: 'Donderdag of Woensdag' as toetsgeval*. Pretoria: RGN.
- Miles, J. 1978. *Donderdag of Woensdag*. Emmarentia: Taurus.
- Scholtz, M.G. 1984. Die kosmiese dans in J. Miles se roman *Donderdag of Woensdag*. In: *In teen die groot vergeet: Huldigingsbundel vir T.T. Cloete*. Potchefstroom: PU vir CHO.